

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 42

## 20 Oktober 2024

**Woorde van Wysheid**

**Vyf Maniere Vir 'n Gelukkiger Innerlike Lewe**

**1. Maak jouself los van die verlede: "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is…" – Fil 3:14**
Moenie oor die verlede broei nie. Die verlede is vol foute, ontnugterings en teleurstellings. Dit ontwrig jou innerlike om gedurig daaraan terug te dink. Fokus op die toekoms.

**2. Dink positief: " Verder broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is – watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit." – Fil 4:8.**
Positiewe, opbouende gedagtes het 'n heilsame uitwerking op die innerlike van die mens. Dit skep nuwe verwagtinge en entusiasme. Verder stimuleer dit jou ingeboude suksesmeganisme tot prestasie en vooruitgang.

**3. Waak teen bitterheid:…" en pas op dat niemand in die genade van God veragter nie; dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie." – Hebr 12:15.**
Bitterheid bring innerlike onrus en onstuimigheid mee. Dit besoedel jou emosies en menseverhoudinge. Bitterheid is 'n dodelike gif wat jou innerlike doodmaak. Bely alle bitterheid**.**

**4.Vergewe: "Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het…" – Kol 3:13.**
Vergifnis bring genesing in jou innerlike. Dit bevry jou van wrewel en woede en bewerk innerlike vrede en harmonie.

**5. Hou kommer uit jou hart: |Werp al julle bekommernis op Hom, want Hy sorg vir julle."**
**- 1 Pet 5:7.**
Vertrou jou kommer aan God toe en rus in die wete dat Hy vir jou sal sorg.

Past Rudi Briel.

**Dankie!**

**Vir U wonderbare, onverdiende genade in U Seun, Jesus Christus , Ons Verlosser!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne. Vir al die werksaamhede van ons gemeente.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied. Sý plan vir SA. Dat ons regering en almal in gesagsposisies in belyning met God se hart en doel vir Suid Afrika en sy mense en vir die nasies sal kom. Dat Sý Koninkryk en geregtigheid eerste gesoek sal word.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart. SA draai terug na God toe!
- Vir ons kinders, skoliere, en studente. Dat hulle God se liefdeshart vir hulle sal ontdek.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Annie Brink
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Johnny Viviers
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Jillian Jansen
- Ivan Garacki

Natasha Stols
Tannie Rina van der Vyver
Rudi Kruger
Tannie Bets Coetzee
Hannah Pienaar
Jaap Naudé
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Adri Botha

O**ns innige simpatie met die familie en vriende, met die afsterwe van die volgende :-**
**oom Cedric Wiegand**
**Heidi Coetsee**
**Alex de Kock**

## Gedagte vir die week

**Ware Wysheid kry jy in die Woord van God!**

## Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org